Rapport van die werksaamhede van die N.G. Kerk se
Goudveldse Sendingraad oor die jaar 1955.

Wel. Heer en broeders,

Dit is vir ons aangenaam om die volgende aan u voor te lê.

1. Werkers.

Eerw. W.P. Dippenaar met 2 evangeliste was verantwoordelik vir Odendaalsrus, Allanridge en Wesselsbron; Eerw. D.M.C. de Koker met twee evangeliste op elke plek is verantwoordelik vir Hennenman en Virginia, terwyl Eerw. J.A.H. Pieters met evangeliste verantwoordelik is vir Welkom en St Helena.

2. Afsterwe ens.

Die langdurige siekte en uiteindelike afsterwe van Ev. S. Speelman was 'n gevoelige verlies vir die werk op Odendaalsrus, terwyl die aanvaarding van sy emeritaat na-dat hy vir 'n jaar bedlêend was deur Ev. E. Mahlatsi nie minder op Hennenman gevoel word.

3. Statistiek.

A.

	Siele.	Lidmate.	Voor.	Ged.	Huw.	S.Sk.	Leer.	Onder.
Odendaalsrus.	1400	750	71	85	21	3	380	11
(Allanridge)								
Wesselsbron.	700	465	26	80	18	6	228	7
Welkom-								
(St. Helena)	1524	362	18	78	75	1	104	4
Hennenman	1667	401	42	40	9	3	168	5
Virginia	920	306	40	36	9	4	156	6
	6211	2284	197	319	132	17	1036	33

B.

Naturelle in die gebied egter is:

Plase	5000
Lokasies	39,000
Kompongs	50,000
	94,000

C. Huisbesoek en dienste.

	Lid	Heidene	Dienste
(a) deur Leraar			
Odendaalsrus	100	40	90
Wesselsbron	24	200	39
Welkom ens.	170		van 3 tot 5 per week
Hennenman en Virginia	Huisbesoek word waar moontlik gedoen		Dienste word gereeld gehou op elke plek waar daar 'n sametrekking van Naturelle is.

(b) deur Evangeliste.

	Lid	Heid.	Dienste
Odendaalsrus	200	72	152
Wesselsbron	150	50	83
Welkom ens.	160	150	2 tot 3 per week.
Hennenman ens.	Die evangeliste doen gereëld elke week huis. en hou dienste.		

(c) Sosiale Werkster.

Op odendaalsrus is daar 'n sosiale werkster wat 250 lidmate en 90 heidene besoek het.

D. Finansies.

Odendaalsrus deel mee dat die vordering bo die vorige jaar bemoedigend was. Inkomste £1145, Uitgawe £874. As gevolg van 'n krediet balans van die vorige jaar van £542 sal die Kerkraad £500 in die Boufonds stort wat nou op £3411 staan.

Wesselsbron het ook 'n voorspoedige jaar gehad met 'n inkomste van £765 en 'n Uitgawe van £425 wat met die voordelige balans van die vorige jaar 'n batig saldo van £902 verseker. Die Boufonds staan nou op £352.

Wat Welkom- St Helena betref was die Inkomste in die omtrek van £450. Vir die afgelope jaar was die inkomste vir Kabello ens. vir Hennenman £345, en Virginia £399. Andersyds is £450 en £98 respektiewelik gein vir Boufonds in die twee gemeentes wat gestel is op £3 en £2.5.0 per lidmaat respektiewelik.

Welkom kon die Kerkskuld met die mooi bedrag van £1000 verminder, terwyl die Kerkskuld op Hennenman met £450 jaarliks verminder word.

E. Bouwerk.

a. Odendaalsrus: "Ons evangelistewonings is netjiese geboue, maar die kerk bly hopeloos te klein, asook ondoeldoeltreffend wat Lig en lug betref. Onlangs is die bestaande gebou vergroot, maar dit bly te klein. Ons sien uit na die verskuiwing van die lokasie, en die bou van 'n nuwe kerk, wat tenminste 800 sal moet bevat. Mense kry geen sitplekke nie, en ons het geen luidsprekers nie."

b. Wesselsbron: Die huis van die evangelis is in 'n baie goeie toestand, maar die kerk is geheel-en-al te klein. Ons wag op die verskuiwing van die lokasie, daar alreeds sowat £800 vir die bou van 'n nuwe kerk ingesamel is."

c. Welkom:

Die toestand van die bestaande geboue is goed, maar ander geboutjies is nodig op die myne bv. een by Brand 2 wat tegelykertyd Brand 1 en Steyn 2 sal kan bedien.

Die aanbou van 'n Studeerkamer by die Pastorie is dringend noodsaaklik.

Doeltreffende geboue vir dienste by die Compongs deur die Myne self opgerig sal ons werk oneindig vergemaklik. Hierdie geboue kan nie deur die gemeente opgerig word nie aangesien dit nooit kerk eiendom kan word.

d. Hennenman: Die sending geboue is in goeie orde. Die evangeliste wonings en die Kerk is of onlangs gebou of gerepareer en dis 'n werklike plesier om in enige van die kerke 'n diens waarteneem.

e. Virginia: "1955 sal seker in hierdie gemeente bekend staan as die laaste van krotte stoepe en plekke van samekoms. Ons sal D.V. in Maart die sierlike kerkgebou in die likasie in gebruik kan neem, benewens die eerste evangeliste woning. Die twede sal hopelik klaar wees in April.

God sy gedank vir hierdie doelmatige en sierlike geboue daargestel deur die hartelike samewerking en beywering van die blanke gemeentes en hul leraars en die besonder beywering van die Br. Sendeling.

F. Taalgebruik.

Die taal wat by die dienste gebruik word is Afrikaans, wat dan na gelang van omstandighede in verskillende Bantu tale getolk word. In die omgang maak die Brs. Sendelinge gebruik van een of ander van die tale wat hulle alreeds magtig is, Sotho of Cinyanja.

G. Vroue Gebedsbond:

Op Odendaalsrus bestaan hierdie vereniging uit 108 lede, is lewenskragtig, en tot groot nut vir die gemeente, verleen o.a. hulp aan behoeftige skoliere.

Die vereniging op Welkom maak mooi vordering, Mev. Eerw. Pieters deel mee dat die deelneming in die gebed sodanig is dat gewoonlik meer tyd hiervoor afgesonder moet word.

Die kerklike organisasies is vir die werk op Hennenman van besonder betekenis. In die besonder word melding gemaak van die V.G.B. wat onder leiding staan van Alina Mahlatsi. Dit is 'n geestelike krag in die gemeente.

In al die gemeentes bestaan ook 'n Jongeliede vereniging.

H. Sosiale Werkster:

Op Odendaalsrus doen hierdie werkkrag 'n uitstekende werk en vorm 'n belangrike skakel tussen die Sending en die Munisipaliteit, sodat haar jaarverslag deur gemelde liggaam met ernstige aandag ontvang word. Haar werk onder die jong mense beteken baie.

Laaste jaar is die noodsaaklikheid van so 'n werkster in Phomolong Lokasie (Hennenman) aanhangig gemaak, en sal Alina Mahlatsi, eggenote van ons gewese evangelis, begin 1956 aangestel word.

1. Vordering van Werk.

"Nieteenstaande dat Odendaalsrus sonder 'n evangelis op die dorp was was daar nogtans bestendige vordering. Hiervan getuig die groot getal wat gedoop en aangeneem is nl. 71. Hierdie mense kom of uit die heidendom, of die Roomse (16) of die sektes (10). Verder is daar talle wat weer verlewendig en in die kerk opgeneem is."

Omtrent 15 het hulle aangemeld vir die Doopklas te Welkom en is daar opgeneem. "Uitstaande gevalle van skulderkentenis, soos soms op konferensies gebeur was daar nie, dog ons glo dat die Here in stilte besig is om 'n groot werk te doen onder die nie-blankes van Welkom."

Wat betref Virginia-Hennenman word meegedeel dat baie aansoek gedoen het vir die opname in die Katekesasieklas en van andere wat vir jare buite die gemeentelike lewe geleef het en nou weer aansoek om weeropname in die gemeente gedoen het. "Ons glo met ons hele siel dat Gods Gees hierdie mense wakkergeskud het om na Hom te soek."

J. Algemeen:

a. Odendaalsrus het sy eerste seun, I. Machedi na Stofberg gestuur om as evangelis opgelei te word. Wesselsbron het £25 jaarliks as beurs aan hom geskenk. Twee dogters voltooi hulle kursus as onderwyseresse aan Strydom Opleidingskool. Die gemeentelike koor, bestaande uit ongeveer 40 lede, luister nie alleen die dienste op nie, maar het 4 bekers verower en samel fondse vir die gemeente in.

b. Allanridge het 'n evangelis brood nodig en is van plan om hierdie jaar in 'n aparte gemeente af te stig.

c. Welkom het 'n evangelis nodig vir die Niasas. Die onderhandeling met die betrokke Regerings Dept. het nog nie tot beslissing gelei nie.

St. Helena se werk ly ook daaronder dat daar nog nie 'n evangelis hier aangestel kon word nie.

'n Sendelinge Broederkring, wat die sendelinge van die Goudstreek insluit vergader maandeliks op Welkom en werp sy goeie vrugte af.

By 'n later geleentheid sal ons kerk hom duidelik moet uitspreek teen sondag sport in die lokasie.

d. Hennenman - Virginia Hier is 'n gevoelde behoefte buitekerke en die verwagting is dat met die jare ook hierin die nodige voorsiening gemaak sal word.

Veral verdien die O.V.S.B. takke 'n woord van innige dank vir hul beywering en hartelike ondersteuning in die algemeen en i.v.m. besonder sake. Op Hennenman gee hulle vanaf 1956 die helfte van die salaris van die Sosiale werkster, op Virginia onderneem hulle die oprig van een van die evangeliste wonings (£450).

Met waardering wil ons denk aan hulle wat vir hierdie werk verantwoordelik was- die broeders Sendelinge met hul gades, die evangeliste en hul gades, die brs. Leraars met hul P.S. Kommissies en kerkrade, asook die talle sendingondersteuners binne en buite die Goudstreek, temeer hulle wat deur hulle bydraes 'n groter verspreiding van die Bybel en traktaatjies moontlik gemaak het.

Want een van die groot sake i.v.m. die werk was sekerlik die werksaamhede i.v.m. die verspreiding van die Woord van die Here wat beteken het nie alleen dat die LIG van die evangelie hier plaaslik helderder geskyn het nie, maar dat dit in verskillende dele van Donker Afrika kon ingedra word.

Met die meeste hoogagting,

die Uwe In Christus.

W.R. de KOCK,

Scriba.